

12 September

Skrifgedeelte: Romeine 6:1-11
Fokusgedeelte: Romeine 6:10-11

Ons is oorwinnaars saam met Christus

Deur Adam en Eva is ons almal in die sonde en dood ontvang en gebore.
In Psalm 51:3 sê Dawid uitdruklik:

*“Dis nie die sonde alleen wat roep om straf:
ek is in ongeregtigheid gebore, en lê voor U in doemskuld gans verlore
al die uur van my ontvang'nis af.”*

Maar God dank: Christus is gebore as kind van Adam – aan ons gelyk, maar Christus is ook gebore as Kind van God en daarom aan God gelyk. Daarom kon Hy alleen die sonde en die dood oorwin. As Middelaar het Hy dit ook in ons plek en vir ons gedoen.

Ons Doopsformulier sê al: Ons en ons kinders is in sonde ontvang en gebore en daarom aan die verdoemenis onderworpe. Ja, daardie klein kindjie, vir ons dikwels so onskuldig, is selfs by geboorte nie onskuldig nie. Nee, ons is al by die geboorte die vloekdood skuldig.

Verbondskinders word egter ook in die verbond gebore, en is hoe klein ook al, saam met hulle ouers aan Christus verbonde. As ons dan saam met ons kinders aan Christus verbonde is, dan is ons ook aan sy dood en opstanding verbind. Ja, saam met Christus, is ons ook nou oorwinnaars oor die sonde en die dood.

Hierdie verbondenheid aan Christus, waarvan ons doop ons verseker, maak ons saam met Christus lewende oorwinnaars. Laat ons dit elke dag beleef: Ons is oorwinnaars saam met Christus, wat daarom dit uitjubel:

*“Ons sal, in lewe en in sterwe,
God's eiendom vir altyd wees:
Ons sal, wat Hy beloof het, erwe,
Verseël deur die Heilige Gees.”*

Sing: Skrifberyming 1-1:7

Ds PJW Linde (Emeritus)